

Tema: Dís die geduld, moed en hoop wat God gee

Woordbediening: Romeine 15:1-13

“Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê. En mag die God van lydsaamheid en bemoediging aan julle gee om eensgesind onder mekaar te wees ooreenkomstig die wil van Christus Jesus, sodat julle die God en Vader van ons Here Jesus Christus eendragtiglik uit een mond kan verheerlik.”(Rom. 15:5-7)

“En mag die God van die hoop julle vervul met alle blydschap en vrede deur die geloof, dat julle oorvloedig kan wees in die hoop deur die krag van die Heilige Gees.”(Rom. 15:13)

Hierdie tekste gaan oor die geduld, moed en hoop wat God ons gee, sodat ons eensgesind en uit een mond Hom kan loof.

Hoe gee God dit vir ons?

Hoe ontvang ons dit van Hom?

Watter verskil maak dit aan ons daaglikse lewe?

1. Hoe gee God dit vir ons?

Eerstens (van ons kant gesien) is dit in die “Skrifte” vir ons opgeskryf. Deur al die boeke van die Bybel loop dit soos goue draad: geduldige volharding (meer as net “standvastigheid” van die ’83-vertaling en “lydsaamheid” van die ’53-vertaling) bystands-bemoediging en hoop wat op God se beloftes gebou word.

Maar van God se kant gesien is hyself die bron en toonbeeld van geduldige volharding, bystands-bemoediging en hoop. Deur die eeue het God se volharding en bemoediging gelowiges in staat gestel om self te volhard en mekaar te bemoedig. So het God die hoop op die vervulling van al sy se beloftes lewend gehou deur die krag van sy Gees wat in mense woon.

2. Hoe ontvang ons dit?

In beginsel ontvang ons dit deur te glo in God en deur die krag van die Heilige Gees (15:13).

In praktyk verg dit (1) volgehoue **Skrifstudie** al neem dit hoe lank voor dit vir jou begin sin maak en (2) voortdurende **gebed** tot God, “die bron van alle standvastigheid en bemoediging” en die “bron van hoop” en (3) **uitleef** van ons verantwoordelikheid vir mekaar, soos Christus ons kom leer het.

3. Watter verskil maak dit aan ons daaglikse lewe?

Ons fokus verskuif van onself na ons naaste (v 1-3). Nie om die naaste te verag of te veroordeel nie. Wel om die naaste op die bou in die geloof.

Ons strewe verander van verdeeldheid na eensgesindheid onder mekaar (v 7)... Sodat ons uit een mond God kan loof.

Ons blydschap en vrede word al meer...Sodat ons altyd hoopvol kan wees.

Hoe berei ek my voor vir die Nagmaal?

Met bogenoemde in gedagte kan die volgende as riglyne gebruik word om jouself voor te berei vir volgende week se Nagmaal:

Skrifstudie

Lees Skrifdeel wat handel oor die laaste voorbereidings of gesprekke en Jesus se verhoor en kruisiging (Mat 26 en 27 of Mark 14 en 15 of Luk 22 en 23 of Joh. 12 tot 19). Of lees Skrifdeel wat onderrig gee oor die betekenis van die kruisoffer wat Jesus gebring het (Hebreërs 4 tot 10 of 1 Kor. 11 en 12). Jy kan ook gedeeltes van die Ou Testament lees wat duidelik heenwys na die lyding en kruisiging van Christus (Psalm 22 en Jesaja 53). Konsentreer veral op motivering om te volhard in jou geloof, en die persoonlike bemoediging en hoop wat die Here deur die Skrif vir jou gee.

Selfondersoek

Dink na oor jou eie hartsgesindheid. Wat is jou siening van die mens en die mensdom in die algemeen: Was die lyding en gehoorsaamheid van Jesus werklik nodig ter wille van die redding van mense? Vir besnedenes en onbesnedenes? Was dit ook vir jou nodig dat Hy moes ly en gekruisig word? Kan ek getuig dat die lewe nou vir my deur Christus gevul word en dat die afsterf van my ou mens vir my wins is? Kan ek getuig dat God se vrede en vreugde vir my genoeg is? Is daar dalk ander dinge wat my so pla en my gedagtes so vul dat dit die versoening wat Christus vir my bewerk het oorskadu?

Gebed

Dank God vir sy volharding en getrouheid, vir die hoop op die ewige lewe wat Hy ons gee. Bid ook daarvoor dat Hy jou ook daaglik daarin sal laat groei. Bely jou eie gebrek aan volharding en bemoediging en hoop. Bid dat Hy jou oë sal open en deur sy Gees jou sal help verstaan hoe die dinge wat in jou lewe gebeur die regte groei kan bevorder. Bid dat die simboliek van brood en wyn by die Nagmaal vir jou lewenswerklikheid mag word en begin dadelik om dit uit te leef.